# Les 8 GOD SE GENADEVERBOND IS ALTYD EEN VERBOND MET TWEE SOORTE BELOFTES: NET SOOS HUISE EN ’N MUNISIPALITEIT

**Oefening**: Kom ons toets gou of julle onthou: waar in die Bybel kry ons die volledige samevattings van die Dawidsbelofte en die Abrahamsbelofte?

Kom ons kry hierdie plekke in die Bybel en hou dit oop!

## 1. ’n Woongebied bestaan uit huise en die munisipaliteit

Wat is die maklikste om raak te sien as jy deur ’n woongebied in ’n dorp ry?

Dit is die huise. Jy sien sommer dadelik voor jou die erwe waarop die huise gebou is, die mooi heinings en die huise of woonstelle raak.

Wat sien ’n mens nie dadelik raak nie?

Dit is die munisipaliteit!

Al die kinders wat in ’n dorp of stad bly, weet waar is hulle huis of woonstel. Maar vra vir dieselfde kinders waar is die munisipaliteit, dan staan hulle groot-oog en wonder watse ding is ’n munisipaliteit.

Maar jy kan maar gaan kyk, in elke stad of dorp is daar ’n munisipaliteit. Hierdie twee gaan altyd saam. Die een is nooit sonder die ander nie: huise en die munisipaliteit.

## 2. Wat en waar is die munisipaliteit?

Huise kry ons orals in die woongebiede van ’n dorp of stad. Die munisipaliteit is net op een plek – dit is gewoonlik een gebou in die dorp of stad.

Dit is ook ’n heel ander tipe gebou as huise. Dit is ’n gebou met baie kantore, sale en die raadsaal waar al die groot besluite geneem word.

Die munisipaliteit is die groep mense wat moet sorg dat daar dinge soos woongebiede binne-in ’n stad ontwikkel en in stand gehou word.

Die munisipaliteit besluit dat ’n stuk grond in erwe opgemeet moet word deur ’n landmeter. Hierdie erwe word dan geproklameer. Dit beteken elke erf kry ’n nommer en ’n titel wat maak dat mense hierdie erwe vir hulleself kan koop en weer kan verkoop. Die munisipaliteit lê krag aan sodat elke erf ’n kragaansluiting kan kry. Hulle sorg vir groot watertenks en pype wat onder die grond tot by die huise loop. So kan elke huis lopende water kry. Hulle sorg vir die wegry van die vuilgoed en hulle skep orde en vrede binne die woongebied. Hulle moet ook sorg vir ’n brandweer om vure binne die woongebied dood te maak. Hulle moet ook sorg vir rioolwerke en ’n rioolstelsel.

Wat is die munisipaliteit? Dit is die instansie wat woongebiede vir huise uitlê en die woongebied leefbaar maak met al die dienste wat hulle verskaf. Al hierdie dienste moet gemaak, gereël en aan die gang gehou word. Anders kan daar nie iets soos woongebiede en huise in ’n woongebied wees nie.

## 3. <u>Die Dawids- en Abrahamsbelofte pas in mekaar soos ’n huis en die munisipaliteit</u>

### 3.1 Die Abrahamsbelofte is die saamwoonbelofte: dit is die huis

Die twee beloftes van die genadeverbond pas in mekaar, net soos ’n huis en munisipaliteit by mekaar inpas om een saak te vorm.

Kom ons lees gou die volledige samevatting van die Abrahamsbelofte in Esegiël 36 verse 24 tot 36!

Hierdie is die saambly-en-saamweesbelofte in die verbond. Kyk na vers 28! Dit gaan oor die woonplek waarbinne God en sy volk sal saam wees.

Dwarsdeur die Bybel word die Abrahamsbelofte beskryf as die werk wat die Here doen sodat Hy met ons kan wees en by ons kan woon. Esegiël beskryf die Abrahamsbelofte só in hoofstuk 37 verse 26 tot 28:

*“26 Ek sal met hulle ’n verbond sluit wat vir hulle vrede sal bring, ’n verbond wat altyd sal bestaan. Ek sal hulle baie laat word en my heiligdom tussen hulle oprig om altyd daar te wees. 27 My woonplek sal by hulle wees; Ek sal hulle God wees, en hulle sal my volk wees. 28 Wanneer my heiligdom vir altyd tussen hulle is, sal die ander nasies besef dat Ek, die Here, Israel vir My afgesonder het.”*

In vers 27 sê die Here sy woonplek sal by ons wees. Dit wys hoe ons en die Here met en by mekaar is binne die Abrahamsbelofte.

Al die beloftes binne die Abrahamsbelofte gaan daaroor dat God by ons kan woon: daarom neem Hy ons onreinheid weg – sodat Hy by ons as skoon mense kan woon. God woon nie saam met vuil mense nie. Daarom maak Hy ons lief vir Hom. Sodat Hy by mense woon wat Hom liefhet. God bly nie by hulle wat Hom haat nie. Daarom neem Hy ons harde harte weg en gee ons nuwe harte wat met Hom wil saamleef. God woon nie saam met mense wat nie met Hom wil saamleef nie. Al die beloftes binne die Abrahamsbelofte maak dat God met en by ons kan woon.

Daarom kan ons die Abrahamsbelofte vergelyk met ’n huis binne ’n woongebied. In hierdie deel van die verbond maak God dat ons binne-in die huis met Hom kan saambly.

### 3.2 Die Dawidsbelofte is die bou-en-instandhoubelofte: die munisipaliteit

Kyk weer na Esegiël 37:26-28!

Wat gaan God doen wat maak dat Hy tussen sy volk kan woon? Hy gaan sy tempel daar oprig!

Hier moet ons baie versigtig wees. Die Here rig nie die tempel op om binne-in die tempel te gaan bly nie. Almal in die Ou Testament het dit geweet. Net nadat Salomo die tempel gebou het, bid hy: *"Sou God werklik op die aarde woon? Die hemel, selfs die hoogste hemel, kan U nie bevat nie, hoe dan nog hierdie tempel wat ek gebou het"* (1 Konings 8:27). Die Here woon by sy kinders – waar hulle ook al is, op aarde en selfs in die hemel nadat hulle dood is, nie in 'n klipgebou iewers op aarde nie.

Nou wat word dan met die "tempel" wat gebou word, bedoel?

Kom ons lees weer 2 Sam. 7:

*" 8 Nou moet jy vir my dienaar Dawid sê: So sê die Here die Almagtige:* ***Ek het*** *jou agter die kleinvee weggevat om oor my volk Israel te heers.*
*9 Oral waar jy gegaan het,* ***was Ek*** *by jou; al jou vyande* ***het Ek*** *voor jou oë uitgedelg.* ***Ek het*** *jou so beroemd gemaak soos die grotes op die aarde*
*10* ***Ek het*** *'n woonplek aan my volk Israel gegee en hom gevestig, sodat hy sonder vrees in sy plek kan woon. Slegte mense sal hom nie meer verdruk soos voorheen*
*11 toe Ek leiers oor my volk Israel aangestel het nie.* ***Ek sal*** *jou rus gee van al jou vyande. Ek maak aan jou bekend dat Ek vir 'n koningshuis gaan vestig.*
*12 Wanneer jy te sterwe kom en jy by jou voorvaders rus,* ***sal Ek*** *een van jou nageslag, jou eie seun, koning maak en aan hom 'n bestendige koningskap gee.*
*13* ***Hy sal*** *vir my Naam 'n huis bou, en* ***Ek sal*** *sy koningskap vir altyd laat voortbestaan.*
*14* ***Ek sal*** *vir hom 'n vader wees en Hy sal vir my 'n seun wees. As hy ontrou is, sal Ek mense gebruik om hom te straf, hom te kasty.*
*15Maar my trou* ***sal Ek*** *nie aan hom onttrek soos Ek dit aan Saul onttrek het om vir jou plek te maak nie.*
*17 Jou koningshuis en jou koningskap* ***sal*** *vir altyd voortbestaan. Jou troon* ***sal*** *altyd voortbestaan.*
*17Volgens hierdie openbaring het Natan die hele boodskap aan Dawid oorgedra."*

Vers 13 sê dat die Seun van Dawid 'n tempel vir God sal bou. Hierdie tempel is die kerk van die Here. Nie die gebou nie, maar die kerk wat uit mense bestaan.

Die Dawidsbelofte is dus die bou- en instandhoubelofte. Die Dawidsbelofte is die munisipaliteit. In die Dawidsbelofte onderneem God om die Kerk te bou met al die dienste wat 'n kerk aan die gang hou: die Hoof van die Kerk, die regeringswyse van die Kerk, die gesag en amp van die persoon wat die Kerk regeer: Hy sal Here en Koning wees.

Dit is net soos met al die dienste wat 'n munisipaliteit lewer sodat daar woongebiede met huise kan wees om in saam te woon.

Samevatting:

1.Die Verbond van die Here bestaan altyd uit twee soorte belofte: die Abrahams- en die Dawidsbeloftes.
2.Die Abrahamsbelofte is al die ondernemings wat God maak sodat Hy met en saam met ons woon as Here: dit is die saamblybelofte
3.Die Dawidsbelofte is al die bou-en-instandhou-ondernemings wat die Here maak sodat daar ’n Kerk is, en ’n Here van die Kerk is, waarin God met ons kan woon. Dit is die bou-en-instandhoubelofte.

**4. <u>Huis en Munisipaliteit is altyd aan mekaar verbind</u>**

As jy ’n huis in ’n woongebied sien, dan is alles van die munisipaliteit ook daar. Al is die huis miskien die duidelikste sigbaar, alles van die munisipaliteit is ook in, om en onder die huis: riool- en waterpype onder die grond, elektriese- en telefoondrade in die lug, strate en vuilgoeddromme rondom die huis.

Net so is die Abrahams- en Dawidsbelofte ook in die Bybel. Miskien is die Abrahamsbelofte die duidelikste sigbaar in die teks wat jy lees: maar alles van die Dawidsbelofte is ook in, bo, onder en rondom die teksgedeelte met die Abrahamsbelofte in.

Net so met die munisipaliteit!

As jy by die gebou staan waar die munisipaliteit is, dan weet jy hier moet ook ’n woongebied met huise wees, al sien jy dit nie naby die munisipaliteit nie. Die munisipaliteit is juis daar om dienste aan die huise te lewer.

Net so werk die Dawids- en Abrahamsbelofte in die Bybel. As jy ’n teksgedeelte lees waar die Dawidsbelofte duidelik uitstaan, dan kan die Abrahamsbeloftes nie ver van hierdie tekste af wees nie. Hulle pas altyd soos ’n huis en munisipaliteit in mekaar in.

**5. <u>Oefening:</u>**

Kom ons lees die volgende deel uit Esegiël en dan sê julle watter deel van die verbond is die teksvers of versgedeelte: die huisbelofte (Abrahamsbelofte) of die bou-en-instandhoubelofte (Dawidsbelofte)

Die gedeelte is Esegiël 37 vers 21 tot 25:

| | |
|---|---|
| *21“Ek sal die Israeliete tussen die nasies uit vat waarheen hulle moes gaan en hulle bymekaar maak en na hulle land toe bring.* | **Abrahams- of Dawidsbelofte?** |
| *22 “Ek sal van hulle een volk maak in die land op die berge* | **Abrahams- of Dawidsbelofte?** |
| *van Israel en hulle sal een koning hê.* | **Abrahams- of Dawidsbelofte?** |
| *Hulle sal nooit weer twee volke wees nie, nooit weer in twee ryke verdeel word nie.* | **Abrahams- of Dawidsbelofte?** |
| *23 Hulle sal hulle nooit weer verontreinig met afgode en afskuwelike dade en sondes nie.* | **Abrahams- of Dawidsbelofte?** |
| *Ek sal hulle bevry uit al hulle woonplekke waar hulle* | **Abrahams- of Dawidsbelofte?** |

*gesondig het en hulle reinig.*
*Hulle sal my volk wees en Ek hulle God.* **Abrahams- of Dawidsbelofte?**
*24 My dienaar Dawid sal koning wees oor hulle* **Abrahams- of Dawidsbelofte?**
*hulle sal almal net een herder hê,* **Abrahams- of Dawidsbelofte?**
*en hulle sal volgens my bepalings leef en my* **Abrahams- of Dawidsbelofte?**
*voorskrifte gehoorsaam en nakom*
*25 Hulle sal in die land woon wat Ek aan my dienaar* **Abrahams- of Dawidsbelofte?**
*Jakob gegee het, waar hulle voorvaders gewoon het.*
*hulle en hulle kinders en hulle kinders se kinders.*
*en my dienaar Dawid sal hulle regeerder wees vir altyd.* **Abrahams- of Dawidsbelofte?**